U.K. VERGADERING GEHOU OP 7 APRIL 1960.

TEENWOORDIG:

Di. P.S.Z. Coetzee (Voor); J.J. Fourie; D.S. Snyman, Alg. Sendingsekretaris en die Org. Sendingsekretaris.

Die Voorsitter spreek 'n besondere woord van verwelkoming aan Ds. D.S. Snyman, die nuwe Algemene Sendingsekretaris en wens hom toe die seën van die Here op sy veeleisende werksaamhede.

B U I T E L A N D.

1. DS. S. DU T. SMUTS - VERLENGING VERLOF: Mits geen beswaar uit die Buiteland ontvang word nie, keur die U.K. goed dat die aangevraagde verlenging van verlof toegestaan word.

2. REKENING, EERW. S. VAN WYK: Goedgekeur (Bylae A)

3. DS. P. BOLINK - AANSOEK MOTORLENING: Goedgekeur. (Bylae B)

4. DS. J.N. UYS - AANSOEK MOTORLENING: Goedgekeur. (Bylae C)

5. DS. F. BOTHA, MOTORLENING: Goedgekeur. (Bylae D).

6. STOOF PASTORIE NSADZU: Goedgekeur dat hierdie stoof aangekoop word teen £20, nie te bowe gaande.

7. DR. G. VAN ROOYEN -BEDANKING: Hiervan word met leedwese kennis geneem.

8. VERTREK NA NOORD-RHODESIË, SENDINGSEKRETARIS: Dit word goedgekeur dat die Alg. Sendingsekretaris in die loop van Mei die Sendingveld sal besoek. Verdere reëlings word in sy hande gelaat.